

## Die verhaal van Anna Marais en die slaaf Claas van Bengale

Dr J.C Pretorius

Op 15 Oktober 1744 het daar aan die Kaap 'n gebeurtenis plaasgevind wat uit 'n kultuurhistoriese oogpunt besonder insiggewend is. Die verhaal van Anna Marais en die slaaf, Claas van Bengalen, is nie 'n dramatiese of opspraakwekkende gebeurtenis nie maar dit werp lig op die lewensomstandighede en -beskouinge van die bewoners van die Wamakersvallei teen die helfte van die agtende eeu. Die verslag van die hofsaak wat na hierdie voorval gevolg het,<sup>1</sup> is onder die dokumente van die Meester van die Hooggereghof in die Kaapse Argiefbewaarplek te vind.

Die gebeure speel af op Donderdag 15 Oktober 1744, op die plaas van Francois Retief, 'Oliphantskop aan de groene Berg', in die Wamakersvallei, naby die huidige Wellington. Die hoofkarakters in die drama was:

- (1) Die boer, Francois Retief, 'n seun van die Hugenote-stamvader, Francois Retief. Hy is op 25 Julie 1708 in die Wamakersvallei gebore.<sup>2</sup>
- (2) Anna Marais, wat op 3 Desember 1741 op negentienjarige ouderdom met Francois Retief in die huwelik getree en in 1744 saam met hom op die plaas 'Oliphantskop aan de groene Berg' gaan woon het.<sup>3</sup>
- (3) Die vier slawe van die Retiefgesin: Januarie van Rio de la Goa, Claas van Bengalen, Augustus van Malabar en Aurora.
- (4) Die vryswarte, Sinopaij, wat in die omgewing gewoon het.
- (5) Pieter Lourens, landdros van Stellenbosch vanaf 1729 tot 1748, voor wie die saak gedien het.

Hoewel die voorval op Donderdag, 15 Oktober 1744 plaasvind, begin die eintlike verhaal al die vorige aand toe die gesin Retief in die voorhuis gesit en die honde huite hoor blaf het. Toe Retief aan die slawe opdrag gee om die honde stil te maak, roep Claas: "t Sa, 't Sa". Anna Marais se kommentaar hierop was: "Kan die mooie aap nieri. beeter roepen . . .", 'n opmerking wat Claas blykbaar gehoor het. Die volgende oggend werk die drie slawe in die ertjeland en hier het Claas die woorde aangaande Anna Marais kwytgeraak wat hom in-die tronk laat beland het: "Al ben ik een mooije aap, als ik voor hem krijgen kan, sal ik dog met hem samen slaapen . . ."<sup>4</sup>

Om agtuur die oggend gaan die slawe na die kombuis om te eet. Hier sê Augustus aan die slavin, Aurora om "een lammetje 't welk ds wolf in de kraal doot gemaakt hadde, te slagten." Claas is dadelik kwaad: "Wat weet de Meijd van slagten, laat de baas de meid commanderen en jij niet." waarop Augustus opmerk: "Kan zij dat lammetje niet slagten, schelmstukken kan zij wel doen." Dis duidelik dat Claas en Augustus lank reeds "ruusie en krakeel" oor Aurora gehad het.<sup>5</sup> Terug op die land sê Claas: "Ik sal niet swijgen soo lang ik Augustus zijn bloed niet en suijs." Augustus, wat so pas terug gekom het nadat hy Francois Retief se perd opgesaal het, hoor die opmerking en sê smalend: "Ik wil reijs sien wat voor een keerel mijn bloed sal suiigen."


Kort hierna vertrek Francois Retief te perd na Stellenbosch om hom vir milisie-oefening aan te meld. Nouliks was hy weg of die rusie tussen Claas en Augustus vlam weer op. Claas probeer om Autustus se wang te byt en kry 'n kluit teen die kop en 'n hou op die rug. Al bakleide gaan hulle na die huis, waarop die "lyfvrouwe, die in het voorhuijs met den vrieswart Sinopaij sat te eeten" in die kombuisdeur verskyn om die oorsaak van die lawaai vas te stel. "Wat doe jijluij hier in huijs, scheer jouw maàr hier van daan jij legt altijd over die oude Teef te bakkelaiken, ik moet om jouwluij uit mijne eijgen huijs weggaan, had ik dat geweeten dat het soo een Teef was, ik soude haar niet gekoft hebben."<sup>6</sup> Augustus sê hierop: "Weet Nonje wel wat Claas gesegd heeft? Hij seijd al was hy swart, als hij nonje krijgen kan, soude hij wel by nonje slaapen . . ." "Waarop de Vrouw op een stoel in 't voorhuijs is gaan sitten weenen."

Terug in die ertjeland, wil Claas die slaaf, Januarie, oorreed om saam met hom te vlug. "Nu ik dat gesejd hebbe, dat ik bij de Nonje wil slaapen, ben ik soo goed als doot . . ." Anna Retief vlug ondertussen saam met die vryswarte, Sinopaij, na haar oom se plaas, "Drie Fonteijnen". Onderweg kom hulle die burgers Pieter de Vos, David Senekal en Schalk van der Merwe tee.

Op haar versoek spoor hulle vir Claas op en neem hom na Stellenbosch, waar hy later voor die hof van landdros en heemrade verskyn het. Na aflegging van getuenis vel die landdros, Pieter Lourens, die volgende vonnis: Claas moet aan 'n paal gebind en met die roede op die kaal rug gegèsel word, gebrandmerk word, vyf en twintig jaar lank in kettings geklink en na sy meester se huis terug gestuur word.<sup>7</sup> Dit is nie bekend wat van Claas geword het nie, want volgens Franken is die bogenoemde vonnis blykbaar nie uitgevoer nie, omdat die naam van Claas van Bengalen nie in die Sententiën van 1744 - 1747 voorkom nie.<sup>8</sup>

Die voorval vind plaas tydens die goewerneurskap van Hendrik Swellengrebel. Rijk Tulbagh was sekunde en ook president van die Raad van Justisie voor wie die verslag van hierdie saak gedien het. In hierdie jare was die Bergriviervallei en dus ook die Wamakersvallei deel van die uitgestrekte distrik van Stellenboech met Pieter Louwrens as landdros.

Uit die verslag van hierdie gebeurtenis is dit moontlik om sekere afleidings te maak t.o.v. die diensplig aan die Kaap, die slawe, kleurvooroordeel, die boerdery en die Kaapse vrou.



*Die Kaapkolonie aan die begin van die agtiende eeu. Die "Groeneberg" in die Wamakersvallei word op die kaart aangedui (A.J. Böeseken e.a., Geskiedenis Atlas vir Suid-Afrika, Kaapstad, 1948, p. 53).*

## 1. Diensplig aan die Kaap

Volgens wet moes elke burger tussen die ouderdom van sestien en sestig jaar by die burgermilisie aansluit en een of twee keer per jaar militêre oefeninge bywoon. Die burgermilisie is soms opgeroep om gedroste slawe of Boesmanrowers op te spoor en ook om in geval van 'n dreigende inval deur 'n vyandige moondheid die Kasteel

te help verdedig.<sup>9</sup> Uit die getuienis in hierdie saak blyk dit dat die slaaf, Augustus, Francois Retief se perd opgesaal het, waarna hy na Stellenbosch vertrek het om saam met ander burgers 'n maand lank by die Kasteel wag te staan. Die afwesigheid van die boer het groot ontwrigting en ongerief veroorsaak en die vroue op die plase dikwels onbeskermd gelaat. Gewoonlik het bure of familielede mekaar in so 'n geval oor en weer gehelp. Dit blyk dat Anna Marais se oom, Stephanus du Toit, van die buurplaas, "De Drie Fonteijnen", na haar sou omsien, want sy vlug dadelik na hom toe. Hy was met haar tante, Debora Marais, getroud.<sup>10</sup>

Hierdie omstandighede was waarskynlik een rede waarom die landdros vir Claas so 'n swaar straf opgelê het - omdat "meer andere Manschappen gecommandeert is geweest, omme aan die Caab de Wagt te houden, en alsoo verscheiende Vrouwens in sulken geval alleenig moeten 't huijs blijven . . ."<sup>11</sup> Hy wou hierdie saak dus as 'n afskrikmiddel vir ander moeilikhedmakers gebruik.

Die ongerief en ontberings wat die militêre diens vir die vrou meegebring het, blyk uit die talle briewe wat die landdroste bereik het waarin daar om kwytskelding van militêre diens aansoek gedoen word. So skryf Anna Maria Cruijsman, weduwee Botma, op 28 September 1775 aan die landdros van Stellenbosch dat sy oud en siek is, dat "ik het tijdelijke met die Eeuwige mij dageliks voor oogen doe stellen. Zoo versoek hoogst deselver ootmoedigst mij mynen soon naamens Lodovicus Louw van burgerdiensten voor dit jaar vrij te laaten, uyt oorsaaken indien ik mij alleen niet vertrouw te blijven..."<sup>12</sup>

## 2. Die slawe

Die verhaal werp lig op die verhouding tussen baas en slaaf en tussen die slawe onderling aan die Kaap. Reeds in 1717 het die slawebevolking die van die blanke koloniste in getalle oortref.<sup>13</sup> Hoewel Francois Retief nie welgesteld was nie - hy stel in 1758 die totale waarde van sy boedel op sesduisend gulde<sup>14</sup> - besit hy in 1759 ses slawe en een slavin. Dit is interessant om op die herkoms van hierdie slawe te let. Januarie kom van Rio de la Goa, Claas uit Bengale en Augustus uit Malabar. Hulle was dus al drie uit Indië afkomstig. Oosterse slawe was in aanvraag omdat hulle bekwaam was en dikwels 'n ambag kon beoefen. Rusie en geweldpleging onder die slawe was geen seldsaamheid nie. In 1741 het landdros Lourens van Stellenbosch met 'n soortgelyke saak te doen gekry as dié een onder bespreking. Dit het in Drakenstein op die plaas "Kuijlenburg" van Jacobus Louw gebeur. Gedurende die boer se afwesigheid het sy slaaf, Andries van Bengalen, die slavin Romana, wat saam met ander slavinne in die huis met naaldwerk besig was, "bij 't hair . . . gevat, en vervolgens met een mes welke in die hand hadde, uyt jalousie, . . . onder 't seggen ' . . . waarom doet ghij soo voor mij' in die hals gesneden." Swaar gewond, het Romana gevlug en Andries het homself met 'n mes in die maag gesteek en beswyk.<sup>15</sup>

Volgens algemene gebruik is slawe in daardie jare baie swaar gestraf vir oortredings. Die slawewette wat in 1754 deur Tulbagh in 'n kode saamgevat is, het bepaal dat die doodstraf slegs vir aanranding en moord toegepas kon word. Lyf- en kettingstraf is toegepas wanneer 'n slaaf sy meester met smaad of hoon bejeen het, lasterlike taal gebruik of valse aanklagte gemaak het. Vir alle ander vergrype is lyfstraf toegepas.<sup>16</sup> Landdros Lourens het dus binne die wet opgetree toe hy die slaaf, Claas van Bengalen, tot lyf- en kettingstraf gevonnis het.

Uit die getuienis van besoekers wil dit voorkom of die slawe aan die Kaap oor die algemeen goed behandel is. Veral slawe en slavinne wat al jare lank in die besit van die familie was, of in die familie gebore is, het feitlik deel van die familie geword. Francois Retief bepaal byvoorbeeld in 1789 in sy testament dat sy ou slaaf, Augustus van Malabar (wie se bloed Claas van Bengalen in 1744 wou uitsuig) nie opgeveil mag word nie, "dog aan zich de vryheid zal behouden om bij des Testateurs kinderen na zijn verkiezing te moogen gaan en blijven." <sup>17</sup> Testamente lewer dikwels blyke van die menslewendheid van die eienaar teenoor sy slawe. Slawepare is nie geskei nie en getroue slawe is nie verkoop nie, maar eerder aan die kinders bemaak.

## 3. Kleurvooroordeel

'n Opvallende verskynsel wat uit hierdie saak blyk, is die afwesigheid van kleurvooroordeel in die Wamakersvallei teen die helfte van die agtiende eeu. Daar word gemeld dat Anna Marais "in het voorhuys met den vrycswart Sinopaij sat te eeten . . ."<sup>18</sup> Volgens onlangse navorsing deur dr. A.J. Böeseken het daar teen die einde van die sewentiende eeu etlike vryswartes tussen die blanke koloniste in die Kaap gewoon - sommiges op ewe in Kaapstad en Stellenbosch, ander op plase. So het Anthony van Angola, ook genoem "de Swart Anthony", 'n plaas naby Stellenbosch besit en Louis van Bengalen die plaas, "Leef op Hoop" in Jan de Jonkershoek.<sup>19</sup> Hierdie vryswartes het slawe besit en knechte in diens geneem, van wie sommiges blank was.<sup>20</sup> Volgens Böeseken was daar teen die einde van die sewentiende eeu waarskynlik nie meer as honderd

vryswartes nie. Blybaar was dié wat van Bengale afkomstig was, die suksesvolste as vryburgers. Van die vryswartes gedurende die agtiende eeu is daar weinig bekend. Wie die vryswarte, Sinopaaïj, was en waar hy presies gewoon het, het ek nog nie probeer vasstel nie. Uit die verslag van die gebeurtenisse op "Oliphantskop" is dit duidelik dat hy 'n bekende en gerespekteerde inwoner van die omgewing was, - moontlik 'n buurman - en dat hy welkom as gas in die huis en aan die tafel van die Retiefs was. Hy gaan ook saam met Anna Marais wanneer sy met haar kindertjies na haar oom se plaas vlug.

Cetuienis dui daarop dat kleurvooroordeel teen die einde van die agtiende eeu reeds aan die Kaap voorgekom het. Lady Anne Barnard maak in 1798 melding van 'n jongmeisie, Catharina van den Berg, wat teen die sin van haar vader met 'n Engelse kaptein wou trou. Die Kaapse dames wou haar nie besoek nie - "she has a dash of the Blew, her mother's mother having been a slave." Verder: "I have much offended two of the quality by asking if they were acquainted with her . ."<sup>21</sup>. Die vraag ontstaan wanneer die bewustheid van anderskleurigheid en die gevoel van sosiale meerderwaardigheid saamgesmelt en tot die ontstaan van Kleurvooroordeel geleid het. In die geval van Anna Marais in 1744 is dit duidelik dat Claas van Bengalens se woorde vir haar 'n ontsettende belediging was, spruitende uit 'n gevoel van sedelike verontwaardiging en sosiale meerderwaardigheid, eerder as uit die feit dat hy donker van vel was, want sy het geen beswaar gehad om saam met die vryswarte, Sinopaaïj, aan dieselfde tafel te eet nie.

#### **4. Boerdery in die Wamakersvallei**

Die verslag van hierdie gebeurtenis werp lig op die lewensomstandighede van Francois en Anna Retief. Volgens hulle opgaaf was hulle nie besonder welgesteld nie; hulle het in 1759 - 69 besit: vier seuns en twee dogters, ses slawe en een slavin, tien perde, twintig beeste, honderd en veertig skape, vier mud tarwe gesaai en twintig gewen, 'n snaphaan, pistool en degen.<sup>22</sup> Dit is opvallend dat daar nie van wingerde of wynmakery melding gemaak word nie. Daar is wel gesaai en geplant, want ons lees dat die slawe in die ertjeland gewerk het. Die opgaaf moet egter ook in die lig van die destydse omstandighede gesien word. Sedert 1692 het die VOC elke jaar kommissarisse of gekommiteerde aangestel om 'n opname van alle burgers en hulle besittings te maak. Elke boer moes onder eed 'n opgawe maak van die lede van sy gesin, sy slawe, hoeveelheid groot- en kleinvee, hoeveelheid graan gesaai en gewen. Op hierdie opgaaf moes hy een tiende belasting aan die Kompanjie betaal.<sup>23</sup> Blybaar is dikwels minder opgegee as wat die geval in werklikheid was. Dit blyk duidelik uit die dagboek van Adam Tas dat dit in sy tyd geensins as 'n skande beskou is nie, t.s.v. die feit dat 'n boete opgelê kon word. Toe hy verneem wat sy vriend, Van der Bijl, opgegee het, was sy spytige kommentaar: "Aan deese opgegiving kan ik zien dat ik meer als de helft te veel hebbe opgegeeven."<sup>24</sup>



*Berg Rivier, plaats van M. Melck aan de Oost Zuide gesien. "Tekening van R. Gordon. (KA, V C237, nr. 8)*

Op die Retiefs se plaas, "Oliphantskop" was daar 'n kraal vir die vee. Ten spyte hiervan het 'n wolf 'n lam doodgebyt. Roofdiere was dus nog nie uitgeroei nie. Omdat daar gesaai is, sou daar 'n dorsvloer gewees het; verder huisvesting vir die slawe en skure vir die waens. Waarskynlik sou daar nog nie 'n gewelhuis op die plaas

gepryk het nie. Sover bekend is die oudste gewel wat bewaar gebly het, dié een van die plaas Joostenburg uit die jaar 1756. Ons lees van die "voorhuys" en "combuys", sodat die grondplan van die huis waarskynlik eenvoudig reghoekig of T-vormig was met die kombuis agter aangebou met oop vuurherd en aangeboude oond, soos sigbaar is op die bygaande tekening van Gordon, van die plaas van Martin Melck aan die Bergrivier, ongeveer 'n veertig jaar later.

Dat die Retiefs wel later wynboere geword het, blyk uit sy testament waarin hy "Oliphantskop", "benuevens een aldaar staande watermolen, vier bequame Leggers en een brandewijnskeetel met zijn toebehooren" aan sy seun, Petrus, bemaak.<sup>25</sup> Om te verhoed dat die grond versnipper word en om die plaas in die familie te behou, is die grond teen 'n valuasie van 'n seun of aangetroude seun bemaak, in hierdie geval Francois se seun, Petrus.

## 5. Anna Marais

Die vraag ontstaan hoe Anna Marais as Kaapse vrou uit hierdie gebeurtenis na vore tree. Sy was die agterkleindogter van die Hugenote-stamvader Charles Marais en is op 31 Mei 1722 in Drakenstein gedoop,<sup>26</sup> waar sy ook grootgeword het. Dit lyk of sy wel skoolonderrig ontvang het, want sy teken haar naam onder aan die verslag van die getuenis in die saak teen Claas van Bengalen.



*Handtekening van Anna Marais onderaan die verslag van die saak teen die slaff, Claas van Bengalens. (KA, CJ 350, Krim.Posesstukke 1744, p.627)*

Waarskynlik het sy by die bekende koster en skoolmeester van Drakenstein, Johan Melchior Frick, skoolgegaan.<sup>27</sup> Hy was immers met haar tante, Maria Marais, getroud.<sup>28</sup> Tydens die voorval met die slaaf, was Anna twee-en-twintig jaar oud en moeder van twee klein kindertjies: Francois, en Anna Aletta, wat toe slegs 'n paar maande oud was.<sup>29</sup> Dat Anna Marais met 'n man getroud is wat veertien jaar ouer as sy was, is verklaarbaar as daar in ag geneem word dat die Hugenote-afstammelinge by voorkeur ondermekaar getrouw het.<sup>30</sup> Dit blyk verder dat Anna Marais daaraan gewoond was om bevele aan die slawe te gee. Sy draai geen doekies om om haar misnoëë oor hulle gedrag te kenne te gee nie. Wanneer sy woorde gebruik wat 'n mens vandag in beskaafde geselskap liefs sou vermy, moet daar in ag geneem word dat gewoontes en segswyses in die agtiende eeu baie verskil het van dié van die twintigste eeu. Dit is opvallend dat hierdie gesagsposisie van die plattelandse vrou 'n half-eeu later deur Lichtenstein opgemerk word. Hy maak melding van die vrou se "gentleness and kindness of manners, with which, however, is often united an evident firmness and resolution, to be ascribed perhaps to the solitary pastoral kind of life they lead, and to the necessity of watchfully maintaining their authority over such a number of servants and dependants".<sup>31</sup>

Nogtans was die beledigende en familiêre opmerking van haar slaaf vir haar te veel, sodat sy in tranen uitgebors het. Die feit dat 'n slaaf in sy ondergeskikte posisie so iets aan haar kon sê, was 'n ondraaglike belediging. Dit is bekend dat die vroue van Hugenote-herkoms 'n streng en nougesette opvoeding ontvang het. Ook het daar volgens Heese feitlik geen gevalle van bloedvermenging met slawe onder die Franse voorgekom nie.<sup>32</sup> Dit is trouens opvallend dat 'n mens van verhoudings van blanke Kaapse vroue met slawe slegs by wyse van hoë uitsondering lees. Onder die enkele gevalle wat opgespoor is, was die van die vrou van Bruël in Drakenstein, wat "een seer boos leven met haren slaaf" geleei het. Sy is deur die kerkraad in 1716 onder sensuur geplaas.<sup>33</sup> 'n Verhouding tussen 'n blanke vrouw en 'n slaaf is deur die samelewing ten sterkste afgekeur. Dit verklaar gedeeltelik Anna Marais se verontwaardiging en ontsteltenis.

Anna Marais was 'n tipiese voorbeeld van 'n plattelandse Kaapse vrouw teen die helfte van die agtiende eeu, 'n produk van die lief en leed, van haar tyd en haar omgewing. Toe sy op 24 Mei 1777 sterf<sup>34</sup> - twaalf jaar voor haar man - was sy vyf en vyftig jaar oud. Onder haar kleinkinders was die bekende Voortrekkerleier, Piet Retief.

## **Verwysings:**

1. Kaapse Argiefbewaarplek (hierna KA) CJ 350, *Kriminele Prosesstukke* 1744, p 618-642
2. CC de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families II*, Kaapstad, 1966, p 776
3. Ibid., p 529
4. KA, CJ 350, *Kriminele Prosesstukke* 1744, p 619
5. Ibid., p 628
6. Ibid., p 621
7. Ibid., p 624
8. JLM Franken, *Piet Retief se lewe in die Kolonie*, kaapstad, 1949, p 26
9. CG Botha, *Social Life in the Cape Colony*, Kaapstad, 1970, pp 61-62
10. CC de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families II*, Kaapstad, 1966, p 531
11. KA, CJ 350, *Kriminele Prosesstukke* 1744, p 624
12. KA, Stell. 10/167, *Inkomende Brieue van Private Persone*, 1775-1795
13. AJ Böeseken, *Van Verversingspos to Volksplanting* (Deel 1 van Böeseken, Kruger en Kieser, *Drie Eue*) Kaapstad, 1952, p 154
14. KA, CJ 2485. Raad van Justisie, Inkomende Brieue 1729-1759, p 52
15. .
16. AJ Böeseken, *Van Verversingspos to Volksplanting* (Deel 1 van Böeseken, Kruger en Kieser, *Drie Eue*) Kaapstad, 1952, p 188
17. KA, MOOC 7/1/33, Testamente 1789-90, nr 2
18. KA, CJ 350, *Kriminele Prosesstukke* 1744, p 620
19. AJ Böeseken, *Slaves and Free Blacks at the Cape* 1658-1700, pp88-91
20. Ibid., p 88
21. AML Robinson(red), *The Letters of Lady Anne Barnard*, Kaapstad, 1973, p 174
22. KA J 200, Opgaafrolle van Stellenbosch - Drakenstein 1759/60
23. B Booyens, *Die Volkekundige benutting van die Dagboek van Adam Tas* (Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal, Jg 28/4, Okt 1972), p 25
24. Adam Tas, *Dagboek* (red. L Fouché, VRV Tweede reeks, nr 1), Kaapstad, 1970, p 144
25. KA, MOOC 7/1/13, Testamente 1789-90, nr 2, 18 Maart 1789
26. CC de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families II*, Kaapstad, 1966, p 529
27. J Hoge, *Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu* (Annale van US, jg XII, reeks B, Afl. 1, Julie 1934), p 48
28. CC de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families II*, Kaapstad, 1966, p 533
29. Ibid., p 776
30. WA de Klerk, *Klein Reis deur Drakenstein*, Johannesburg, 1974, pp 96-97. Dit blyk o.a. uit die geslagsregister van Dr DF Malan, waarin daar onder die dertig voorouers slegs een nie-Hugenoot voorkom.
31. H Lichtenstein, *Travels in Southern Africa I*, (vertaling deur A. Plumptre, VRV nr 10), Kaapstad, 1928, p 134
32. JA Heese, *Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867*, Kaapstad, 1971, p 17
33. C Spoelstra, *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Neder-Duitsch Geref. Kerken in Suid-Afrika II*, Kaapstad, 1906, p 431
34. CC de Villiers en C Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families II*, Kaapstad, 1966, p 776